
HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend**
**Junie 2011 : Die Here wil jou help om vir Hom te skyn!**

# Is jy soos die son wat lig gee vir almal om te sien?





Om in die natuur tyd te spandeer bring jou in aanraking met God se grootheid en almag en laat jou in verwondering staan van die "awesome" God wie ons geskep het en wie soveel vir ons omgee. Maar partykeer is daar 'n lied wat se woorde en melodie jou so diep aanraak en sê presies wat jy vir jou Vader God sal wil sing. Ek deel hierdie maand graag die volgende: Die lied **"SHINE" van Matt Redman** se woorde gaan soos volg: **"Lord we have seen the rising sun, awakening the early dawn and we're rising up to give you praise. Lord we have seen the stars and moon. See how they shine, they shine for You and You're calling us to do the same. So we rise up with a song and we rise up with a cry and we're giving You our lives. We will shine like stars in the universe, holding out Your truth to this broken world. We'll be living for Your glory, Jesus we'll be living for your glory! We'll burn so bright with Your praise o God and declare Your light to this broken world. We'll be living for Your glory, Jesus we'll be living for your glory! Like the sun so radiantly sending light for all to see Let Your holy church arise, exploding into life like a supernova's light. Set Your Holy Church on fire. We will shine.."** **Hierdie sonsopkomste in die bos en by die see inspireer my om (soos die lied sê) ons uit te daag om soos die son, sterre en maan se lig ook lig te wees vir Jesus en "like the sun so radiantly sending light for all to see"ons lig te versprei aan ALMAL om te sien.**

**1.Nader tot God en bid dat Hy jou oë en ore sal oopmaak sodat jy kan skyn vir Hom** Wanneer jy soggens die son sien opkom wees dankbaar vir die 24uur wat God aan jou as geskenk gee. Staan op met 'n loflied aan Hom en vra Hom om jou te wys waar en hoe jy jou lig kan laat skyn. Die lied praat van "holding out Your truth to this broken world"en dit pas so mooi in by Jesus se groot opdrag in Matteus 28:19-20 waar Hy ons beveel om dissipels te maak van alle mense. Die wêreld om ons is gebroke (fisies, geestelik en emosioneel). Ek en jy moet lig wees en die Goeie Nuus aan hulle bring en 'n vriend wees, 'n skouer gee om op te huil , hul net liefhê!

**2. Jy voel dalk dat jou swaarkry of huidige situasie dit bemoeilik om "lig" te wees elke dag** Omdat Jesus net soos ons aan versoekings onderwerp was, is Hy die regte Persoon om vir jou by God in te tree. Hy weet hoe dit is om mens te wees, versoek te word, by die graf van 'n geliefde te staan, deur mense teleurgestel te word en verraai te word. God gee vir ons die beste Hoëpriester om te kan gebruik. Is dit nie wonderlik om die almagtige God te hê om vir jou daar te wees nie - 24/7! As ons swak is, is Hy sterk, as ons val, tel Hy ons op, Hy maak die paaie gelyk en veg namens ons. Lees saam in die "Amplified" Bybel: **Hebrews 4:16 "Let us then fearlessly and confidently and boldly draw near to the throne of grace (the throne of God's unmerited favor to us sinners), that we may receive mercy [for our failures] and find grace to help in good time for every need [appropriate help and well-timed help, coming just when we need it]"** Sjoe die regte hulp op die regte tyd, dit is mos wat ons almal soek! Dis onbeskryflike groot genade en nie iets wat jy verdien of voor hoef te werk nie. Wat beter kan jy wil hê? Bring eers al jou probleme na God sodat jy onbelemmerd kan skyn vir Hom!



**3. Verlustig jouself gereeld in God se skepping** en raak net weer bewus van hoe almagtig, heilig en liefdevol Hy is. "Wat die hart van vol is loop die mond van oor" en jy sal nie kan help om Sy lof te besing en jou lig te laat skyn nie. Ja, God is net so onbeskryflik groot, alwetend en verhewe. Hierdie deel in Job stel dit so mooi: **Job 37:14-16 "Luister hierna, Job, staan stil en dink na oor die wonderdade van God. Weet jy hoe Hy dit alles voorberei, hoe Hy die lig deur die wolke laat breek? Weet jy hoe die wolke sweef? Dit is die wonderlike werk van Hom wie se kennis volmaak is."**

**Ons waardeer elkeen se gebede, finansiële bydrae, ondersteuning of omgee ! Celeste Steinmann 082 322 5299**